

NELCSA Winter diens reeks
5 Julie 2020
Wie is dié Jesus wat sy kerk wil bou?

Matteus 16, 13-18

Toe Jesus in die streke van Sesarea-Filippi kom, het Hy vir sy dissipels gevra: "Wie, sê die mense, is die Seun van die mens?"

Hulle antwoord: "Party sê Johannes die Doper, party Elia, party Jeremia of een van die profete."

"Maar julle," het Hy gevra, "wie, sê julle, is Ek?"

Simon Petrus het geantwoord: "U is die Christus, die Seun van die lewende God."

"Gelukkig is jy, Simon Barjona," het Jesus vir hom gesê, "want dit is nie 'n mens wat dit aan jou geopenbaar het nie, maar my Vader wat in die hemel is. En Ek sê vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.

Liewe susters en broers,

Verlede jaar op ons kerk se sinode het ons nagedink oor die tema: Go - with purpose! Gaan, doelgerig!

Ons het gepraat oor hoe die pad van die kerk vorentoe lyk, en elkeen kon haar of homself afvra: Wat is my rol in die kerk? Waar sien ek myself?

Dit alles was min wetend dat slegs 'n paar maande later die hele wêreld tot stilstand sou kom as gevolg van die Coronavirus. Alles is omvêr gegooi.

Een van die kenmerke van hierdie chaostyd is die toename van fopnuus - berigte wat versprei word wat óf totaal onwaar is, of die waarheid verdraai.

Sommiges daarvan se doel was om paniek te saai: As jy die virus het sal jy nooit weer gesond word nie! Ander het beweer dat daar 'n teenmiddel is, wat "by ons bestel kan word teen 'n billike prys".

Hoe weet 'n mens wanneer iets fopnuus is, en wanneer dit eg is? Een maatstaf is: As dit te goed is om waar te wees, is dit te goed om waar te wees! Daar is wel uitsonderings, maar hulle is baie skaars. Die tweede vraag is dan: Wie het dit gesê? Ek het heelwat Whatsapps gekry wat om en by soos volg begin het: My dogter se goeie vriendin het 'n kamermaat, wie se skoolvriendin se pa 'n kundige op die gebied van virusse is, en hy sê dat ..." . Die "kundige" is moeilik om op te spoor, en is eintlik totaal onbekend.

In vandag se lesing hoor ons hoedat Jesus sê: "Ek sal my kerk bou, en die

magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie”. In ’n tyd soos hierdie, waar mense hulle werk verloor, besighede toemaak en die situasie wêreldwyd baie onseker is, klink die belofte van Jesus te goed om waar te wees - dat die magte van die doderyk die kerk nie sal oorweldig nie? As hierdie klein virus ons eredienste vir maande aaneen kan lam lê, alles deurmekaar krap, sodat sommige kerke en gemeentes nie weet of hulle na die tyd weer aan die gang kan kom nie, hoe kan Jesus so ’n belofte maak? Dit is mos te goed om waar te wees, is dit nie?

Wel, gelukkig het ons tweeduisend jaar se kerkgeskiedenis waarna ons kan kyk. “Evidence”, soos die wetenskaplikes dit noem. As ons daarna kyk, sien ons dat die kerk nogal heelwat katastrofes oorleef het, katastrofes wat baie, baie erger was as dit wat ons tans beleef, en wat soms eeue lank aangehou het. En, in der daad, die kerk het oorleef! So, op grond van hierdie getuienis lyk dit, asof die belofte van Jesus dalk wel ook in ons tyd mag geld.

Maar kom ons doen ook die tweede toets om te kyk of dit fopnuus is al dan nie. Wie is hierdie Jesus wat dit gesê het?

Om hierdie vraag te beantwoord het ek besluit om die Matteusewangelie van begin tot einde deur te lees. Gewoonlik lees ek wel elke dag die Bybel - maar dit is stukkies hier en stukkies daar. Nou het ek, wel nie in een sitting nie, maar oor net meer as een dag, die ewangelie deurgelees met die vraag: Wie is hierdie Jesus? Wat kan ek oor hom leer?

Ek moet sê dat dit ’n baie interessante belewenis was. Ek het heelwat dinge óf nuut ontdek, of selfs vir die eerste keer! Ek moedig jou aan om dit ook te probeer - lees ’n ewangelie deur soos wat jy ’n boek sou lees: van begin tot einde, met so min onderbrekings as moontlik. En as jy dan ook die vraag: Wie is Jesus? - saam met jou dra, terwyl jy lees, is ek seker dat jy ook baie dinge nuut sal ontdek!

Nouja, ek wil graag met julle ’n paar dinge deel wat my opgeval het oor hierdie Jesus wat belowe dat hy sy kerk bou, en selfs die magte van die doderyk hom nie sal kan stop nie.

1. Jesus is deel van ’n lang pad wat God met die wêreld loop.

Matteus begin die ewangelie met die geslagsregister van Jesus. Maar hy begin nie by Adam nie, wel by Abraham, die stamvader van die Israeliete. In Genesis 12,3 lees ons hoedat God vir Abraham roep en ’n belofte maak: “Ek sal jou seën, en jy sal ’n seën wees - en in jou sal al die nasies op aarde geseën word!”

Anders as wat baie Jode geglo het, was God se doel met die volk Israel nie,

om hulle apart te stel, af te sonder en te bevoordeel sodat hulle alle ander nasies kan onderdruk nie. Nee, sy plan was dat hulle 'n kanaal van seën vir die hele wêreld sou word. Dit is dus die Abraham waarmee Matteus die geslagslyn van Jesus begin.

As ons dan kyk hoe Matteus die evangelie beëindig, sien ons dat Jesus in Mt 28:19 sê: Gaan dan heen en maak dissipels van alle nasies!” - weereens is al die nasies die doel wat bereik moet word.

Ons sien dus dat Jesus nie 'n snaakse prediker was, wat met nuwe idees voor 'n dag gekom het nie, maar dat hy deel is van die lang pad van verlossing wat God met die wêreld loop, 'n doel wat nog nie bereik is nie. En ons sien dat die kerk 'n voortsetting van hierdie pad van die Here is.

As ons vra: Sal die kerk oorleef? , is dit eintlik beter om te vra: Is die doel bereik? Natuurlik nie - en daarom sal die kerk voortbestaan om die opdrag te vervul!

2. Jesus neem geen kortpaaie nie.

Hierdie punt is nogal belangrik, veral in hierdie krisistyd, waar 'n mens dikwels wens dit is gou verby.

Twee keer lees ons in Matteus hoedat Jesus in versoeking kom om 'n kortpad te neem. In Mt 4 daag die duiwel hom uit: Gooi jouself van die tempel af, dan sal die engele jou dra - dink net aan die opslae en bewondering wat jy sal oes! Maak hierdie klippe brood - dan sal jy gou die held van die wêreld wees, omdat jy die kosprobleem opgelos het! Aanbid my, dan sal ek al die koninkryke op aarde vir jou gee - hier en nou!

Die tweede versoeking was eintlik nog erger. Ons lees daarvan in Mt 26, 36ff, as Jesus in Getsemane bid: “Vader, indien moontlik, neem hierdie kelk van lyding van my af weg”. Hoe groot die versoeking moes gewees het, het ek eers by hierdie deurlees besef. Net na hierdie gebede, toe Jesus gevange geneem word, en die dissipels hom met die swaard wil verdedig, sê Jesus: “Weet julle nie dat ek die Vader kon gevra het, en hy sou tienduisend engele tot my beskikking stel om my te beskerm?” Hierdie is dus 'n spieëlbeeld van Mt 4, waar die engele ook genoem word as dié wat Jesus kan beskerm teen alles.

Jesus kon telkens hierdie kortpad geneem het. Maar hy het nie. Want sy doel was groter as om heerser oor alle koninkryke te word, of om uit die lyding van hierdie wêreld verlos te word. Hy wou die wêreld verlos! En om dit te doen moes hy die dood oorwin - 'n pad wat hom sy lewe sou kos.

Maar dan lees ons, weer soos 'n spieëlbeeld van Mt 4, dat hy in Mt 28.18 sê: “Aan my is alle mag in die hemel en op aarde gegee” - nou heers hy nie maar

net oor alle koninkryke op aarde nie - hy is die Here van alle here, vir altyd!
Hy wou sy doel bereik - en daarom het hy nie 'n kortpad geneem nie!

3. Jesus weet hoe moeilik die pad kan wees

Dat hy nie 'n kortpad geneem het nie, is nog meer verbasend as ons beseft dat hy geweet het hoë swaar die pad sou wees. Herhaaldelik het hy sy dissipels probeer voorberei op die lyding wat op hom wag, maar hulle het nie die erns daarvan beseft nie. Sy Gebed in Getsemane wys dat hy goed beseft het, hoe swaar die pad sou wees. Die laagtepunt, en moeilikste gedeelte van sy pad bereik hy aan die kruis, wanneer hy in Mt 27, 46 roep: My God, my God, hoekom het U my verlaat? Om van God verlate te wees is die verskriklikste ding wat enige mens kan belewe. Jesus het geweet dit kom - en vassegelyk en deurgedruk, sodat hy ons na die lewe kan lei.

Omdat hy weet waarvan hy gepraat het, is die volgende punt so belangrik:

4. Jesus dra ons deur storms

In Mt 14, 22ff lees ons hoedat Jesus 'n storm stil maak. Maar in Mt 24 praat Jesus dan van ander storms wat gaan kom, wat nie gou stil sal word nie. Hy praat van beproewinge, oorlog en ander katastrofes. Maar hy belowe dat hy ons sal deurdra, en dat ons nie moet moed verloor nie.

Daar is mense wat glo en verkondig dat, wanneer ons net reg glo, enige storm sal stil word, en ons geen skade sal ly nie. As 'n mens net op Mt 14 konsentreer, lyk dit so. Daarom is dit belangrik om nie net stories uit 'n evangelie uit te haal nie, maar die hele verhaal te lees en te sien. Dan word dit duidelik: Ja, Jesus kan soms 'n storm laat bedaar - maar meer dikwels sal dit nie so wees nie! Meer dikwels sal die storms nie gou verbygaan nie, en sal ons deur moeilike tye gaan.

Die grootste troos is dus nie: Jesus maak die storm stil nie, maar: Jesus dra ons deur die storms. Hy laat ons nie in die steek nie! En omdat hy self geen kortpad gekies het nie, weet hy, wat dit beteken om swaar te kry, om benoud te wees, ja, selfs om te sterwe!

Dan sien ons ook dat in die kerk se geskiedenis Hy sy kerk, sy gelowiges, gedra het. Selfs dié wat gesterf het, het hy gedra. Ek dink aan Stefanus (Handelinge 7,54f) of Dietrich Bonhoeffer wat, in doodsangs, geweet het hulle is nie alleen gelaat nie!

So mag ons ook in hierdie moeilike tyd weet: Ons is nie alleen nie - al woed die storm voort!

5. Jesus is die dienende Here, wat ons roep om ook dienend te lewe.

Jesus is die dienende Here, wat vir ons omgee, wat homself gee, sodat ons kan lewe. In Mt 20 daag hy sy dissipels uit, om net so ook dienende mense te wees.

Hierdie is sekerlik een van die moeilikste aspekte van Jesus se verkondiging, wat die kerk aan betref. Die geskiedenis wys hoedat kerkleiers - priesters, pastors, biskoppe, maar ook kerkraadslede, hiermee gesukkel het en sukkel. Om 'n posisie van eer en mag te hê, is maar al te lekker. Al te gou begin ek om my posisie vir my eie ego te gebruik, of om my eie idees deur te druk, om ander af te kraak en te verkleineer.

Jesus wys deur sy voorbeeld, dat om te dien nie 'n teken van swakheid is nie. In teendeel: Hy gebruik sy posisie van mag om dienend mense op te lig en sterk te maak, sodat hulle weer op hulle beurt "sterk dienaars" kan wees.

Jesus bou sy kerk nie met sterk mense wat oor ander heers nie, maar met mens wat hulle sterk punte gebruik om ander op te help.

Die derde preek in hierdie reeks sal verder daarop ingaan.

6. Jesus nooi ons uit om hom te vertrou en te volg.

Jesus is nie 'n generaal wat sy troepe oorlog toe stuur, en dan self veilig op die agtergrond bly nie. Nadat hy sy dissipels geroep het, het hy hulle geleer deur te wys, deur 'n voorbeeld te wees. Toe hy hulle in Mt 10 uitstuur, is hulle opdrag niks anders as dit wat Jesus self ook gedoen en voorgeleef het nie. Daarom sê ek dat Jesus nie beveel nie, maar uitnooi om te volg. Hy bou 'n verhouding met ons op, sodat ons sien dat ons hom kan vertrou. As hy in Mt 28,18-20 die sending opdrag gee, is dit eintlik 'n sending uitnodiging: "Word deel van sy bediening! Word deel van dit wat die Here doen. Ek bou my kerk - word deel van hierdie bou projek! Ek nooi uit!"

Dit bring my dan by die laaste punt, wat fantasies is:

7. Jesus roep ons een vir een persoonlik!

Dit het my tydens die deurlees van die evangelie opgeval: Jesus praat met groot skares, en hordes mense het hom nagevolg. Maar toe hy die dissipels kies het hy nie by 'n massabyeenkoms vir vrywilligers gevra om vorentoe te kom nie. Nee, hy het die twaalf één vir één geroep, by name!

Toe die mense hulle siekes in groot getalle na Jesus toe gebring het, het hy nie met een gebaar die massas genees nie- Hy het één vir één aangeraak, mens tot mens gepraat, gevra: Wat wil jy hê dat ek moet doen? Omdat Jesus nie die "one size fits all" benadering het nie, maar met elkeen persoonlik kontak gemaak het, kon hy ook sien wat die eintlike probleem is. Die verlamde in Mt

9,18 se oënskynlike probleem was dat hy nie kon loop nie. Maar Jesus sien die mens, sien sy nood, en weet: Hierdie mens se grootste nood is op 'n ander vlak - en hy sê vir hom: Jou sondes is vergewe!

Ek skrywe hierdie preek met die hoop dat baie dit sal lees. Maar wanneer jy nou hierdie lees, mag jy weet: Jy is nie maar 'n anonieme persoon, deel van 'n anonieme groter groep nie. Jesus sien jou, praat nou met jou, en met jou alleen! Hy ken jou, en hy weet wat binne in jou aangaan. En hy nooi jou uit: volg my na! Stap saam met my!

Die vraag aan die begin was: **Wie is hierdie Jesus wat sy kerk wil bou?** Hier het ek nou net enkele aspekte van hom uitgelig, van die een wat belowe het om ons te dra.

Ja, ons lewe in moeilike tye, en daar is baie onsekerheid oor alles. Maar ek is oortuig: Hierdie Jesus sal sy woord gestand doen. Hy is nog op pad, hy bou nog sy kerk - en jy en ek mag deel daarvan wees!

Kan ons hom vertrou? Ek glo so!

Amen

Horst Müller, Biskop NELCSA, hmuller@nelcsa.net

Hierdie preek is ook as video beskikbaar by: <https://youtu.be/1Ujnu3sJmP4>

Die volgende preek in die reeks gaan dan oor die boodskap wat Jesus gebring het